

BREINKAARTE/SPINNEKOP-DIAGRAMME

Ons almal het daarmee te doen gehad op skool. Vir baie van ons was dit 'n onnodige, tydrowende oefening wat onsinnig en tydrowend voorgekom het. Dit is egter van groot waarde, indien dit reg beoefen word.

Probeer gerus om jou storie so te beplan en kyk hoeveel makliker maak dit die skryfproses. Ja, ek weet, 'n mens weet nie noodwendig altyd waar/hoe die storie gaan eindig nie, want karakters het 'n manier om hulle eie ding te doen. Maar terwyl ons nog aan die leer is en baie oefening nodig het, maak gerus gebruik daarvan.

Hiermee dan 'n uittreksel uit wikipedia: <https://af.wikipedia.org/wiki/Breinkaart>

'n **Breinkaart**, in [Afrikaans](#) ook bekend as die **Spinnepop-en-web-metode**, is 'n [diagram](#) wat gebruik word om [woorde](#) en idees aan 'n sleutelwoord oor 'n kernbegrip of idee te verbind. Dit word gebruik om idees te visualiseer, [klassifiseer](#), te struktureer en te skep; dit word ook gebruik as studiehulpmiddel, vir [probleemoplossing](#) en [besluitneming](#).

Dit is soortgelyk aan 'n [semantiese netwerk](#) of [kognitiewe kaart](#) maar daar is geen formele beperkinge op die soorte skakels wat gebruik mag word nie. Dikwels sluit die kaart prente, woorde en lyne in. Die elemente word intuïtief gerangskik volgens die belangrikheid van die begrippe en word in groepe, vertakkinge of velde verdeel.

'n Breinkaart is met ander woorde 'n beeldgesentreerde radiale diagram wat die [semantiese](#) of ander verbindings tussen stukkies inligting verteenwoordig. Die eenvormige grafiese formulering van die semantiese struktuur van inligting op die metode van [kennisversameling](#) kan die oproep van bestaande herinneringe verbeter. Dit word ook dikwels geadverteer as 'n tegniek om [motivering](#) om 'n taak uit te voer te verhoog.

Hoe doen ek dit?

1. Gestel jy wil 'n storie skryf oor die dag wat Heleen uiteindelik verlief geraak het. Jy sal dus in die middel begin en jou (voorlopige) titel daar skryf.
2. Elke blokkie of lyn verteenwoordig dan 'n idee/paragraaf. Dit is die boustene waarmee jy jou storie aanmekaar gaan sit.
3. Ons wil glad nie voorskriftelik wees nie, want wat vir die een werk, werk nie vir die volgende persoon nie.
4. Gestel jou verhaal het vier paragrawe, dan sal jou beplanning min of meer so lyk:\

MY AFRIKAANSE STORIES

